Armagéddon !!!

Open 16:16 En hulle het hul versamel op die plek wat in Hebreeus genoem word **Armagéddon**. {3de WÊRELDOORLOG AAN EINDE VAN 7 JAAR GROOT VERDRUKKING}

Opb 14:20(b) En bloed het uit die parskuip gekom tot aan die tooms van die perde (1½ meter diep) tweehonderd myl ver.

Die "drie veldslae" van Armageddon. (Derde wêreld oorlog)

Open 16:16 En hulle het hul versamel op die plek wat in Hebreeus genoem word Armagéddon, wat dan ook beteken "dal van Josafat" = "Gerig van Jehova"

Joël 3:2 sal **Ek al die nasies versame**l en hulle na **die dal van Jósafat** laat aftrek, om daar met hulle '**n strafgerig te hou** ter wille van **my volk** en **my erfdeel Israel** wat hulle **onder die nasies verstrooi** het, en **my (God se) land** wat **hulle (EEG/VVO/VN Nasies) verdeel het**. **(God** se **land** en **God** se **volk \ DIE JOOD**

DIE TWEE REDES VIR ARMAGEDDON !!

1. Terwille van **MY (God se) volk** en **MY** erfdeel **ISRAEL** wat hulle onder die nasies verstrooi het.
2. En **MY (God se) land** wat **hulle (EEG/VVO/VN Nasies**) verdeel het. Israel is huidiglik so groot soos die Nasionale Kruger Wildtuin soos die land van God reeds verdeel is. **ISRAEL** - **beteken: "Prins van God".**

Sag 2:8 (b) .....; want wie **julle** (**Israel/Jood**) aanraak, raak **SY (God se)** oogappel aan.

M.a.w. - Raak jy die Jood aan, steek jy jou vinger in God se oogappel. (Sensitiefste deel in die liggaam.)

SEëN DIE JOOD/ISRAEL

Gen 12:3 En Ek sal seën diegene wat jou (Israel \ Jood) seën, en hom vervloek wat jou (Israel) vervloek; en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word. (Wil u seën van God ontvang? Seën die Jood/Israel! OF Vervloek die Jood/Israel, en u word deur God vervloek!)

BID VIR DIE JOOD !!

Psa 122:6 Bid om die vrede van Jerusalem; mag hulle wat jou (Israel/Jood) liefhet, rustig lewe! (SHALOM= VREDE)

SESDAAGSE OORLOG IN 1967

Met die **sesdaagse oorlog** in 1**967** het **Egipte, Sirië (Damaskus), Jordanië (Moab), Irak (Mesopotamië) en Iran (Persië)** gesê: **"Kom laat ons (Arabiese lande) hulle (die Jood) vernietig dat hulle geen volk meer is nie,"** en so die volgende profesie bevestig: **Psa 83:5** Hulle sê: **Kom, laat ons hulle vernietig, dat hulle geen volk meer is nie, sodat aan die naam van Israel nie meer gedink word nie.** Ook was die uitlating gemaak dat die Jood geen bestaansreg het nie. \ God se volk

VALSE DIENS

Joh 16:2 Hulle sal julle uit die sinagoges ban. Ja, daar kom ‘n uur **dat elkeen wat julle (Jood) om die lewe bring**, sal **dink dat hy ‘n diens aan God bewys.**

GOD Sê:

Sag 12:2 Kyk, **Ek** maak Jerusalem vir al die **volke rondom (Arabiere)** tot ‘**n beker van bedwelming**, en ook teen Juda sal dit wees tydens die beleëring teen Jerusalem.

Sag 12:3 En in dié dag maak **Ek** Jerusalem tot **‘n baie swaar klip vir al die volke (Arabiere)**: elkeen wat dit optel, sal hom daarmee sekerlik seer maak; en al die nasies van die aarde sal daarteen vergader word. Israel het vandag geen vriende nie, die wêreld beskou hom as 'n SWAAR KLIP.

Huidige JOODSE populasie 2017 in ISRAEL, is 8,680,000 !

HOEKOM DIE STRYD OOR ISRAEL?

Het u geweet dat **Israel** die **rykste land ter wêreld** is, met **minerale rykdomme** in die **Dooie-see**. Die "Dakes Bybel" Eseg 47 meld dat die waarde van die dooie see 3 maal die waarde van die V.S.A. is. Groot fabrieke wat **potas** en **chemiese** stowwe fabriseer, is langs die wonder-see opgerig**. Jes 60:5 (b) .....**; want **die rykdom** van **die see (Dooie-see)** gaan na jou (die Jood) toe oor, ...

Die Dooie-see wat 47 myl lank en tien myl breed is, en ongeveer 15 myl van Jerusalem af geleë is. Dit word die Dooie-see genoem omdat geen lewe daarin gevind kon word nie. Die water van die Dooie-see is 6½ keer souter as gewone seewater.

Tweedens, het **Israel** vir **olie geboor ten Noorde van Haifa, in Israel.**

Deut 33:24 En van **Aser** het hy gesê: **Geseënd is Aser** bo die seuns; **laat hy die liefling van sy broers wees**, en **een wat sy voet in <u>olie</u> insteek**. **Israel se olie gaan die vet in die vuur wees, wat die kruit aan die brand gaan steek vir ARMAGEDDON.**

DIE LOKAAS VAN GOD VIR ARMAGEDDON.

1. Die rykdomme van Israel, wat vir die wêreld bekend is.
2. Die olie benoorde Haifa. { MINERALE IN DOOIE-SEE }

Deut 33:19 (b) .....; want **hulle (dieJood**) sal die **oorvloed** van die **see (Dooie-see**) insuig en die **<u>verborgenste skatte van die sand</u>**. (**die OLIE**) \ ISRAEL rykste land ter wêreld !!

Dakes Bybel Eseg 47 \ Minerale In dooie see (1) Potas (2) Kaliumbromide (3) Gips (4) Magnesium-kloorkalk.

Eseg 47 Meld ook dat Israel 3 keer die waarde van die V.S.A. is }

GOD ROEP DIE NASIES VIR ARMAGEDDON.

Joël 3:9 Roep dit uit onder die nasies, **heilig 'n oorlog**! Wek die helde op, **laat al die krygsmanne nader kom, opruk**!
Joël 3:10 Smee van julle pikke swaarde en van julle snoeimesse spiese; laat die swakke sê: Ek is 'n held.
Joël 3:11 Haas julle en kom aan, alle nasies rondom, en versamel julle. Laat u helde, HERE, daarheen aftrek!
Joël 3:12 Die nasies moet hulle klaarmaak en optrek na die dal van Jósafat; want daar sal Ek sit om gerig te hou oor al die nasies rondom.

Sag 12:9 Ook sal Ek in dié dag daarna soek om al die nasies wat teen Jerusalem aankom, te verdelg.

EERSTE VELDSLAG

DIE GOG EN DIE MAGOG STRYD.

Eseg 38:1 Verder het die woord van die HERE tot my gekom en gesê:
Eseg 38:2 Mensekind, **rig jou aangesig teen Gog**, in die **land Magog**, die **vors van Ros**, **Meseg** en **Tuba**l, en profeteer teen hom
Eseg 38:3 en sê: So spreek die Here HERE: **Kyk, Ek het dit teen jo**u, o **Gog**, vors van **Ros, Meseg en Tubal**!

Die groot dryfkrag agter hierdie offensief is **GOG**, die vors van **ROS**, **MESEG** en **TUBAL.** Hier word sonder twyfel van Rusland gepraat.

Die **Scofield-naslaanbybel** sê in sy **kommentaar** op hierdie verse: "Almal stem saam dat die primêre verwysing hier, op die noordelike (Europese) magte onder aanvoering van **Rusland** dui.... **Gog is die vors (of prins)** en **"Magog" sy land**. Die verwysing van **Meseg en Tubal (Moskou en Tobolsk)** is 'n baie duidelike punt van

uitkenning."

Gog en **Magog** maak die **kern** uit van die **Slawiese** en **Asiatiese Volke** wat die **laaste Sataniese ryk op aarde is,** voor die **Duisendjarige Vrederyk van ons Here Jesus Christus aanbreek.**

ROS:

Die geleerde Hebreeuse taalkundige, Gesenius, sê in sy kommentaar oor die woord "Ros" in **Eseg 38:2,3** en **39:1** dat dit 'n eienaam is en ongetwyfeld aan die naam Rusland beantwoord. Hy het dit drie geslagte gelede gesê toe Rusland nog nie eers 'n droom was nie. Ros was dan ook die vroegste vorm van die naam "Rusland". Volgens die geskiedskrywer Gibbons, is Ros die Griekse naam vir Rus. Verreweg die meeste Skrifuitlêers stem ooreen dat hier van Rusland gepraat word. Josefus sê: "Die Grieke noem die Schithe, Magog. Hulle het van Klein-Asië getrek en hulle in Suid-Rusland gevestig met die Kaukasus as suidelike grens. Kaukasus beteken "Gog se vesting."

MESEG:

Magog, Tubal en Meseg was die seuns van Jafet en word gereken as die stamvaders van die Scithe en van die latere Russe. Taalkundige navorsers het vasgestel dat **Moskou en Tobolsk**, die Europese en Asiatiese hoofstede van Rusland, slegs die moderne skryfwyse is van Meseg en Tubal. Die outydse naam "Meseg" het in die moderne naam Moskou verander, wat vanaf die vroegste tye die hoofstad van Rusland was.

TUBAL:

Tubal is die moderne Tobolsk in Siberië agter die Oeralgebergte. Dit is die verre noorde, **(Eseg 38:6,15 en 39:2)** waar Rusland feitlik onkwesbaar is. Rusland het eers diep in die 20ste eeu 'n wêreldmoontheid geword wat aan die spits van 'n grootskaalse inval kon staan. Israel het eers na 1948 vorm gekry en dit was vroeër moeilik om te

verstaan waarom die twee lande in 'n konflik betrokke sou raak.

Vyf van Rusland se bondgenote is 2,600 jaar gelede deur Esegiël by name genoem in sy profesieë. Hulle is:

LIBIë

Die woord is 'n vertaling van die oorspronklike Hebreeuse woord "Put". Libië lê aan die noordkus van Afrika. Tot 'n paar jaar gelede was Libië van weinig politieke, militêre en ekonomiese betekenis. Alle simptome van die reuse "Moslembrand" kan teruggevoer word na die Libiese diktator, Kol Muhammar Khadaffi, wat van die begin af die aktivis in die Moslemwêreld was. Sy oliegeld help terroriste oral in die wêreld. In die midde-Ooste is Libiese geld en aansporing die grootste onderskraging vir die Palestyne. Ons sien hoedat die toneel verander en regskuif vir die finale slottoneel. Russiese bewapening van die Arabiese wêreld het sedert 1948 reeds tot vyf groot oorloë teen Israel gelei. [1948, 1956, 1967, 1973, 1982]

ETHIOPIë - KUSSIETE

'n Naam wat afgelei is van die Hebreeuse woord "Kus". Eers baie onlangs het hy in die invloedsfeer van die Russe gekom. Esegiël het **2600 jaar gelede** gesien dat Afrika kommunisties sou word en hom by die geledere van Rusland sal voeg in sy finale poging om wêreldoorheersing te verkry.

GOMER

Was in antieke tye 'n streek wat nou Oos-Duitsland, Pole en Tsjeggo-Slowakye insluit. Hulle moontlike assosiasie met Rusland is tot en met die Tweede Wêreldoorlog heftig verwerp omdat Rusland en Duitsland aartsvyande was. Nou is hierdie lande onder die invloedsfeer van Rusland.

TOGARMA

Togarma, 'n seun van Gomer, het die landstreek wat vandag bekend staan as Turkeye, naby die berg Ararat bevolk. Dis

nie baie duidelik wie hulle vandag is nie. Dit kan dalk die Turke wees wat in toenemende mate in die Russiese invloedsfeer verstrik raak, of inwoners van die suidelike deel van Rusland wees.

PERSIë

Eseg 38:5 "Perse, Kusiete en Putéërs saam met hulle, almal met skild en helm; " Persië is die teenswoordige Iran. Hierdie land is vandag baie sterk onder die invloed van Rusland en **haat** Israel. Dis vanselfsprekend dat hy aan die kant van Rusland sal wees wanneer die groot aanslag begin.

Die bondgenootskap sal dus bestaan uit **RUSSE**, die **PERSE**, die **ETHIOPIëRS**, die **LIBIëRS**, die **OOS-DUITSERS** en die **TURKE**, en **"baie volke saam met jou ... en al jou menigtes wat by jou vergader het" (**Eseg 38:6-7**)** - waarskynlik kommuniste vanoor die hele wêreld**.**

GOD SE TOORN TEENOOR RUSLAND

Byna dadelik nadat die wegvoering van die BRUID plaasgevind het en die **Kerk** weg is van die aarde **(die teëhoudende faktor en die GEES)** verskyn die **Antichris** op die toneel.

Open 6:2 En ek het gesien, en kyk, daar was 'n **wit perd**. En **hy (Antichris) wat daarop sit**, het 'n boog; en aan hom is 'n kroon gegee, en hy het uitgegaan as 'n oorwinnaar en om te oorwin. [DIE PYLE IS DOELBEWUS VERSTEEK]

Open 6:3 En toe Hy die tweede seël oopgemaak het, hoor ek die tweede lewende wese sê: Kom kyk!

Open 6:4 En **'n ander perd**, 'n **vuurrooie**, het **uitgekom**, en aan **hom wat daarop sit**, is dit gegee **om die vrede van die aarde af weg te neem** en dat **hulle mekaar** sou **doodmaak**; en 'n **groot swaard** is aan **hom gegee**.

Dit is die beeld van oorlog op die aarde. \ BLOEDVERGIETING.

Rusland sal die leiding neem, want die **Woord van God** kom tot **Gog** en sê aan hom: **Eseg 38:7** Hou jou reg en maak jou klaar, **jy** en **al jou menigtes wat by jou vergader** het; **en wees vir hulle 'n leidsman**.

Eseg 38:3 en sê: So spreek die Here HERE: Kyk, **Ek het dit teen jou**, o **Gog**, vors van **Ros (Rusland)**, **Meseg** en **Tuba**l!
God sê Hy het dit teen Ros (Rusland). Rusland se verklaarde beleid is een van haat en vyandskap teen alle godsdiens.

Tot dusver het **Rusland** op **onregstreekse wyse**, deur **bemiddeling** van die **Arabiese wêreld**, gepoog om **Israel** op sy **knieë** te **bring**. Hierdie **herhaalde mislukkings** gaan spoedig lei tot **regstreekse ingryping** deur **Rusland**.
Eseg 38:18 Maar in **dié dag**, die dag as **Gog** teen die land van **Israe**l aankom, **spreek die Here HERE**, sal **my grimmigheid in my neus opkom**.
Eseg 39:2 En Ek sal **jou (Rusland)** weglok en jou lei en jou laat optrek uit die **agterhoeke van die Noorde (volgens die wêreldkaart kan dit net Rusland wees)** en jou laat kom op die berge van Israel.

Die **rede** vir die **aanvalle** is **eerstens** omdat **Rusland teen God is**, en daarom **God se verbondsvolk wil uitdelg**, net soos wat hy **besig is om die Christendom te probeer vernietig**. Die **tweede motief** is **(Eseg 38:12). "om buit te maak en roof te rowe,** om jou hand uit te steek teen die **puinhope** wat **weer bewoon is**, en teen '**n volk** wat uit **die nasies versamel is**, wat **vee en goed verwerf het**, **wat op die middelpunt van die aarde woon**." Die groot aantrekkingskrag is **Israel** se **strategiese posisie** vir **wêreldoorheersing**. Hierdie land, "die middel van die aarde", is op **belangrike lug- en seeverbindings** tussen die Weste en die Ooste geleë en sal dus 'n **groot bate** wees vir enige **wêreldmoontheid.**

Eseg 38:9 Dan sal **jy (Rusland)** optrek soos ‘n onweer wat aankom, jy sal wees soos ‘n wolk om die land te oordek, jy en al jou leërs en baie volke saam met jou.

Die inval sal skielik en onverwags wees, soos 'n onweer, soos 'n swerm sprinkane wat 'n land oorval. (Joël 1) Daar sal groot verwoesting in die Noorde van Israel aangerig word.

Joël 2:3 Voor hom uit **verteer** ‘n **vuur**, en **agter** hom **brand** ‘n **vlam**; voor hom lyk die land soos die tuin van Eden, en agter hom is dit ‘n **woeste wildernis**; ook kan niks daaraan ontkom nie.

Maar God gee die oorwinning!

Joël 2:20 Ja, Ek sal die **sprinkaanswerm**, uit **die noorde** afkomstig, van julle **af wegjaag** en dit **wegdrywe** na ‘n **dor** en **woeste land**; sy voorhoede na **die Oostelike See** en sy agterhoede na die **Westelike See toe**. .....

Rusland sal tot 'n nietige volk verval. Die Afrikaanse Bybel sê dit nie, maar in die "King James Version" lees ons in **Eseg 39:2** <u>dat net 'n sesde van Rusland gaan oorbly.</u>

Ese 39:2 And I will turn thee back, **<u>and leave but the sixth part of thee, ...</u>**

ISRAEL SE ROEM !!!

Eseg 39:9 En die **inwoners van die stede van Israel** sal uitgaan en **vuur maak** en **stook** met **die wapens**: klein en groot skilde, met boë en pyle en knopkieries en spiese; en **hulle sal daarmee vuur maak s<u>ewe jaar</u> lank.**

[Vir jare reeds is daar 'n nuwe **Hollandse patent op die mark,** waardeur **hout** 'n besondere gespesialiseerde proses deurmaak waardeur die struktuur van die betrokke hout sodanig verander dat dit **so hard** en **duursaam soos staal word**. Uit hierdie **'Ligniet'** houtvesel, **wat brandbaar is**, vervaardig Rusland op groot skaal, voertuigenjins, ens**.]**

Eze 39:11 En in dié dag sal Ek aan Gog ‘n plek gee waar ‘n graf sal wees in Israel, die dal van die trekkers aan die oostekant van die see, en dit sal vir die deurtrekkers die pad

toemaak; en **daar sal hulle Gog begrawe en sy hele menigte** en dit noem: **Die dal van Gog se menigt**e.

Eze 39:12 En die **huis van Israel** sal **hulle begrawe** om die land te reinig, **sewe maande lank**.

Eze 39:13 En **al die mense van die land** sal **begrawe**, en dit sal **hulle roem wees**, die dag as Ek My verheerlik, spreek die Here HERE. \ Rusland val op die berge in Israel.

DIE **OORSPRONKLIKE LAND** ISRAEL

Israel bestaan huidiglik net uit 'n gedeelte van die **land wat God aan hulle beloof het.**

Gen 15:18 Op dié dag het die HERE met Abram ‘n verbond gesluit en gesê: **Aan jou nageslag gee Ek hierdie land**, **van die rivier van Egipte af tot by die groot rivier, die Eufraatrivier**: (Israel, Lebanon, Sirië, Irak en 'n groot deel van Egipte)

Eks 23:31 En Ek sal **jou grense vasstel** van **die Skelfsee af** tot by **die See** van **die Filistyne**, en **van die woestyn af** tot **by die Eufraat**. Want Ek sal die inwoners van die land in julle hand gee, en jy sal hulle voor jou uit verdrywe.

Jos 1:4 Van die woestyn en hierdie **Líbanon af** tot by die groot rivier, **die Eufraatrivier**, die **hele land van die Hetiete**, en **tot by die Groot See in die weste** sal **julle grondgebied** wees.

DIE TWEEDE VELDSLAG

Dan 11:44 Maar **gerugte** uit die **ooste** en uit die **noorde** sal hom verskrik; daarom sal hy (antichris) **met groot woede uittrek** om baie mense te verdelg en met die banvloek te tref.

Open 9:16 En die **getal van die leërs** van perderuiters was **twee maal tien duisend maal tien duisend**; en ek het hulle getal gehoor. (2 x 10,000 x 10,000 = **200 miljoen** - perderuiters [**soldate**] uit die ooste.) JAPAN, CHINA ens.

Open 9:14 en dié het aan die **sesde engel** met die basuin gesê: Maak die **vier engele los** wat gebind is by die **groot rivier, die Eufraat.**

Open 9:15 Toe is die vier engele losgemaak **wat gereed gehou was vir die uur en dag en maand en jaar**, om 'n **derde van die mense dood te maak.**

Open 16:12 En die **sesde engel** het sy skaal uitgegooi op die groot rivier, **die Eufraat**, en sy water het opgedroog, sodat **die pad van die konings** wat **van die ooste (China) af kom**, reggemaak kon word.

Nou kom hulle van die Ooste plus die bietjie wat oorgebly het uit die Noorde (Dan 11:44) ['n Sesde deel van Rusland]. God gryp weer in en 1/3 van die wêreldbevolking word uitgewis.

Saam met die konings van die Ooste [die 'drake-wêreld'] kom ook die bose geeste, die gevalle engele wat onder in 'n afgrond bewaar word vir die dag en uur (**Open 9:1-11 en 13-21**) Dit skyn asof die Antichris hier gedood word om **Open 13:3 ["** En ek het een van sy koppe gesien net of dit dodelik gewond was, en sy dodelike wond is genees. En die hele wêreld het verwonderd agter die dier aan gegaan.**"]** te vervul. Die Duiwel vaar nou in hom in en die tweede drie en 'n halwe jaar [of die groot verdrukking] begin.

Open 12:6 En die **vrou [Israel]** het na die woestyn **[Petra]** gevlug waar sy ‘n plek het wat deur God gereed gemaak is, dat hulle haar daar sou onderhou **duisend twee honderd en sestig dae** lank. [Drie en 'n halwe jaar.]

DIE DERDE VELDSLAG

Sag 12:9 Ook sal **Ek** in **dié dag** daarna **soek** om **al die nasies** wat **teen Jerusalem** aankom, **te verdelg**.

Armagéddon is 'n uitdrukking wat **vereenselwig word** met die **toorn van God**. **Byna almal het al daarvan gehoor**. **Wêreldleiers** en **wetenskaplikes** maak dikwels gebruik van hierdie **Bybelse uitdrukking** wanneer hulle praat van **die onvermydelikheid** van **kernoorlog** en **die uitwissing** van **die mensdom**. Tog weet min wat Armagéddon werklik is.

Open 16:16 En hulle het hul versamel op die plek wat in Hebreeus genoem word **Armagéddon**.
Open 16:17 En die **sewende engel** het sy skaal uitgegooi in die lug, en ‘n groot stem het uit die tempel van die hemel gekom, van die troon af, wat gesê het: **Dit is verby!**
Open 16:18 En daar het **stemme** gekom en **donderslae** en **bliksemstrale**, en daar het ‘n **groot aardbewing** gekom soos daar **nog nie gewees het** vandat **die mense op die aarde was nie** so ‘n geweldige groot aardbewing.
Open 16:19 En **die groot stad** is in **drie dele verdeel**, en die **stede van die nasies het geval**. En **die groot Babilon** is **in gedagtenis gebring voor God**, om **haar te gee** die **beker met die wyn van die grimmigheid van sy toorn**.
Open 16:20 En **alle eilande het gevlug**, en **berge is daar**

nie gevind nie;

Open 16:21 en **groot hael**, omtrent **'n talent swaar**, **(60 kilogram)** het **uit die hemel op die mense geval**; en **die mense** het **God gelaster oor die plaag van die hael**, omdat sy plaag ontsettend groot was.

Daar sal **geen teken** van 'n **nuwe dag** wees nie. Die l**eërowerstes** en **soldate** sal **vreesbevange raak** as die **langste nag** op aarde **nie tot 'n einde wil kom nie**. Maar **hulle** sal **tevergeefs** wag op die **aanbreek** van 'n **nuwe dag**:

Sag 14:6 En **in dié dag** sal daar **geen lig wees nie**, die **sterre sal duister wees**.

Sag 14:7 En dit sal '**n enige dag wees** wat **aan die HERE bekend** is—**geen dag en geen nag nie**; maar **teen die aand** sal **dit lig word**.

Mat 24:29 En dadelik **ná die verdrukking van daardie dae** sal die **son verduister** word, en die **maan sal sy glans nie gee nie**, en die **sterre** sal **van die hemel val**, en die **kragte van die hemele sal geskud word. (kosmiese tekens)**

Eers **teen die aand sal dit lig word.** Die **lig** sal ook **nie uit die ooste kom nie, maar dit sal van bo af kom.**

Baie **hoog bo aan die uitspansel** sal 'n **wit wolk** met die glans van **vuurvlamme verskyn**. Die wolk sal al groter word en al laer na die aarde toe sak en die ligglans daarvan sal al helderder en heerliker word totdat dit die ganse aarde verlig. **Daardie wit wolk sal die verskyning van Jesus en sy heiliges wees.**

Mat 24:30 En dan sal die **teken** van die **Seun van die mens** in **die hemel verskyn**, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en **die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid.**

Jesus met **oë soos 'n vuurvlam**, sal op 'n **wit perd** aan die spits van die hemelse leër wees op pad na die stad Jerusalem. Ontelbare miloene heiliges en engele almal op wit perde sal Hom volg en aanskouers wees van die ongelyke stryd tussen die Skepper en Sy skepsels.

Open 19:11 Toe het ek **die hemel geopend gesien**; en daar was 'n **wit perd**, en **Hy (JESUS)wat daarop sit**, word ge-

noem **Getrou** en **Waaragtig**, en **Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid.**

Open 19:12 En **sy oë** was **soos 'n vuurvlam**, en op sy **hoof** was **baie krone**; en Hy het '**n Naam wat geskrywe** is, wat **niemand ken nie, behalwe Hy self.**

Open 19:13 En **Hy** was **bekleed** met '**n kleed wat in bloed gedoop was,** en **sy Naam is: Die Woord van God.**

Open19:14 En die **leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne.**

DIE WRAAKGERIG VAN GOD

Jes 63:1 Wie is dit wat daar **aankom uit Edom**, met **bloedrooi klere uit Bosra?** Hy daar, pragtig in sy gewaad, **wat agteroor buig in die volheid van sy krag?** Dit is **Ek wat in geregtigheid spreek**, wat magtig is om te verlos.

Jes 63:2 Waarom is u gewaad so rooi, en u klere soos dié van een wat die wynpers trap?

Jes 63:3 Ek het die pers alleen getrap, en van die volke was niemand by My nie; en **Ek het hulle getrap in my toorn** en **hulle vertrap in my grimmigheid**, sodat **hulle lewensap** op my klere gespat en Ek my hele gewaad bevlek het.

Jes 63:4 Want die dag van wraak was in my hart, en die jaar van my verlossing het gekom.

Jes 63:5 En Ek het uitgekyk, maar daar was geen helper nie; en Ek het My verbaas, maar daar was niemand wat ondersteun nie. Toe het my arm My gehelp en my grimmigheid het My ondersteun.

Jes 63:6 En Ek het volke vertrap in my toorn en hulle dronk gemaak in my grimmigheid; en Ek het hulle lewensap op die aarde laat afloop.

Die hemelse leër sal tot bokant die stad en die Olyfberg kom en dan sal **engele uitgestuur** word om die **Antichris** en die **valse profeet** te arresteer en **lewendig in die vuurpoel te gooi**.

Open 19:20 En die **dier (Antichris)** is gevange geneem, en saam met hom **die valse profeet** wat die tekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy húlle verlei het wat die

merk van die dier ontvang en sy beeld aanbid het. **Lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swawel brand.**

Daarna sal Jesus alleen op die Olyfberg land en die berg sal in twee skeur.

Sag 14:4 En in dié dag sal **sy voete staan op die Olyfberg** wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant; en die **Olyfberg sal middeldeur gesplyt word van oos na wes** tot 'n baie groot dal; en die een helfte van die berg sal wegwyk na die noorde en die ander helfte na die suide.

Die **stede** van die nasies **sal val**, **berge** sal **platgeskud** word, en **eiland**e sal **onder die seewater verdwyn**. Baie **eilande,** wat eintlik **rustende vulkaniese kegels** is, sal letterlik **opgeblaas word en verdwyn**, wanneer **hierdie laaste plaag ontketen word.**

Sag 14:10 Die hele land sal soos die Vlakte word, van Geba tot by Rimmon, suid van Jerusalem; maar Jerusalem self sal hoog wees en woon op sy plek, van die poort van Benjamin af tot by die plek van die vorige poort, tot by die Hoekpoort, en van die toring Hanáneël tot by die parskuipe van die koning.

Daarna sal **die Here** sy grimmigheid op **die leër van die Antichris** uitstort, en **almal daar verpletter**.

Sag 12:9 Ook sal **Ek** in **dié dag** daarna soek om **al die nasies** wat **teen Jerusalem** aankom, **te verdelg**.

Open 19:21 En **die ander** is gedood met **die swaard** wat uit die **mond** gaan van **Hom wat op die perd sit**; en al **die voëls** is **versadig van hulle vlees.**

Ontsaglike **haelstene** van **ongeveer 60kg** gewig sal op die soldate gewerp word.

Open 16:21 en **groot hael**, omtrent 'n **talent swaar**, het uit die **hemel** op die **mense** geval; en **die mense het God gelaster** oor die plaag van die hael, omdat sy plaag ontsettend groot was.

Daardie **haelstene is reeds hoog bo in die blou lug opge-**

berg vir daardie **dag van stryd en benoudheid**.

Job 38:22 Het jy gekom by die **skatkamers van die sneeu?** En het jy die **skatkamers van die hael** gesien,

Job 38:23 wat Ek opgespaar het vir die tyd van benoudheid, vir die dag van stryd en oorlog?

Sag 12:4 In dié dag, spreek die HERE, **sal Ek al die perde met verwarring** slaan en **hulle ruiters met waansin**; maar oor die huis van Juda sal Ek my oë oophou, terwyl Ek al die perde van die volke met blindheid slaan.

Sag 14:12 En dit sal die **plaag wees** waarmee die HERE **al die volke** sal tref **wat opgetrek het om teen Jerusalem te veg**: **Hy sal hulle vlees laat wegteer**, terwyl hulle nog op hul voete staan; en **hulle oë sal wegteer in hulle holtes**, en **hulle tong wegteer in hulle mond.**

Dit is presies die uitwerking wat **die ontploffing van die atoombom** gehad het **in Japan** toe die stede van **Hirosjima** en **Nagasaki** in 1945 tot puinhope omskep is. Die **inwoners van daardie stede is heeltemal verteer deur die verskriklike hitte** van die **atoombom**, en **mense wat verder weg was se vleis** het sommer **losgeraak en afgegaan van die beendere af**.

Open 14:20 En **die parskuip is buitekant die stad getrap**, en **bloed het uit die parskuip gekom tot aan die tooms van die perde, twee honderd myl (322 km) ver.**

Die gebied van **die omstreke van Bosra** tot by die **omstreke van Megiddo** is **ongeveer 200 myl** waaroor **die bloed sal loop tot aan die tooms van die perde. 1 en n halfmeter.**

Eindelik sal die woeste gedreun van die verskriklike haelstorm en die oorverdowende donderslae en oorstromende stortreëns tot 'n einde kom. Dooie liggame van mense en karkasse van diere, sal sy aan sy in die yskoue haelwater lê. Miljoene roofdiere en roofvoëls sal dan op hierdie heerlike maaltyd van die Almagtige God toesak.

Open 19:17 En ek het een **engel** sien staan in die son; en hy het met ‘n groot stem **uitgeroep en vir al die voëls gesê** wat

in **die middel van die lug vlieg**: **Kom hierheen en versamel julle tot die maaltyd van die grote God,**

Open 19:18 dat julle kan eet die vlees van konings en die vlees van owerstes oor duisend en die vlees van sterkes en die vlees van perde en van die wat daarop sit, en die vlees van almal, vrymense sowel as slawe, klein sowel as groot.

Open 19:21 .....; **en al die voëls is versadig van hulle vlees.**

Dit sal die laaste vleis wees wat roofdiere/-voëls vir 'n dui-send jaar lank sal vreet.

Jes 65:25 Die **wolf en die lam** sal **saam wei**, en die **leeu sal strooi eet soos 'n bees**, en **stof sal die voedsel van die slang** wees; hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie, sê die HERE.

Daar is glo reeds 'n eienaardige verskynsel in Israel te bespeur, naamlik dat die **aasvoëls** van dié land **[wat normaalweg maar een kleintjie per jaar grootmaak]** nou glo **gelyktydig vier kleintjies per jaar grootmaak**. Gevolglik is daar 'n geweldige vermeerdering in die getalsterkte van die roofvoëls te bespeur.

Sag 13:8 En in die ganse land **(Jode),** spreek die HERE—**tweederdes** sal daarin uitgeroei word, sal sterwe, maar een-derde daarin oorbly.

Daar sal feitlik net moeders, grysaards, gebreklikes en kinders wees wat die groot verdrukking en laaste veldslag oorleef. Daar sal dan te veel vrouens vir die klein klompie oorblywende mans wees.

Jes 4:1 En in **dié dag** sal **sewe vroue een man aangryp** en sê: Ons **eie brood** sal ons eet en ons **eie kleed aantrek**; laat net **jou naam oor ons genoem word**, neem ons smaadheid weg.

Dit sal egter **die begin** wees van 'n **nuwe dag**, van 'n **nuwe dispensasie** - **die Duisendjarige Vrederyk!**

Open 19:15 En uit **sy** mond gaan daar 'n **skerp swaard** om die

nasies daarmee te slaan; en **Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer**, en **Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige.**

Open 19:16 En Hy dra op sy kleed en op sy heup die Naam wat geskrywe is: Die Koning van die konings en die Here van die here.

Dit is maar 'n floue beeld van die onbeskryflike verskrikking wat die mensdom sal oorval wanneer die dag van die Here aanbreek.

Open 16:15 Kyk, **Ek kom soos 'n dief**. **Salig is hy wat waak en sy klere bewaar**, sodat hy nie miskien naak rondloop en hulle sy skaamte sien nie.

Moet ons dan nie **<u>nou</u>**, voordat daardie groot en deurlugtige dag kom, ons beywer om ons roeping en verkiesing vas te maak nie? **<u>(Afgesonder van die wereld,en afgesonder vir JESUS !!!)</u>**

2Kor 6:2 Want **Hy** sê: In die tyd van die welbehae het Ek jou verhoor, en in die dag van heil het Ek jou gehelp. **Kyk, <u>nou</u> is dit die tyd van die welbehae; kyk, <u>nou</u> is die dag van heil.**

ARMAGEDDON !! \ Opb 16:16 \ Opb 19:11-23

Opb 9:15b 'n derde van die wêreld bevolking word uitgewis. <u>Sag 13:8b twee derdes van die joodse bevolking sal ook uitgewis word(2 uit elke 3.)</u> 2017 wêreld populasie is 7,5 miljard mense.

...As my volk, oor wie My Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en My aangesig soek en hul bekeer van hulle verkeerde weë, dan sal Ek uit die hemel hoor en hulle sondes vergewe en hulle land genees." — II Kron. 7:14.
GESKIEDENIS
WÊRELD GEBEURE
DIE PROFESIE
VAN DIE SKRIF
OM DIE STOF HIER TE VERWYDER...
... KAN RADIO AKTIEWE STOF HIER VERHOED
SUID-AFRIKA
Theo Bendrikse

Open 3:20 Kyk, **Ek staan by die deur en Ek klop.** As **iemand my stem hoor** en die **deur oopmaak**, sal **Ek ingaan na hom toe** en **saam met hom maaltyd hou, en hy met My.**

DIE DEUR KAN SLEGS VAN DIE BINNEKANT AF OOPGEMAAK WORD !!

Jesus se uitnodiging !!!!!

1Joh 1:9 As ons ons **sondes** bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.

Tussen die **hemel** en die **hel** is daar 'n **kloof**—die kloof van die **ewigheid**. Hierdie kloof is **onoorbrugbaar**. Tussen die hemel en die aarde is daar ook 'n kloof—**die kloof van tyd**. Hierdie kloof is egter **oorbrugbaar** deur die **bloed van Jesus Christus.** U sal eendag self voor God moet staan en rekenskap gee van u lewe. U sal nie kan sê dat u nie geweet het nie.

Joh 12:48 Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die **woord** wat Ek gespreek het, dit sal hom **oordeel** in die laaste dag.

Jes 1:18 Kom nou en laat ons die **saak uitmaak**, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.

Amos 4:12 .....—maak jou klaar om jou God te ontmoet, ...

Saamgestel deur: Past Willie Horne
Posbus 872
KLEINBRAK
6503

(044) 696-5891

Epos: konanja333@gmail.com
Webtuiste: www.ramshoring.co.za

Indien u enige berading, geestelike hulp of gebed benodig, kan u ons kontak by bogenoemde kontak besonderhede.

Die Here seën U !!!

As ons ontmoet en jy vergeet ons, het jy niks verloor nie, maar as jy **Jesus Christus** ontmoet het en jy vergeet **Hom,** het jy alles verloor.